



# RAAD MET VOER as droogte en geld knyp

Die handhawing van die status van die veldweiding, as goedkoopste bron van voeding vir herkouerproduksie, moet die basiese uitgangspunt van 'n droogtestrategie wees, alhoewel dit baie moeilik is om dit tydens rampdroogtes soos die huidige een vol te hou.

**D**roogtes van wisselende intensiteit is 'n algemene verskynsel in Suid-Afrika, en meer as die helfte van die subkontinent is onderhewig aan periodieke droogtes. Die huidige droogte is egter een van die mees wydverspreide droogtes in Suid-Afrika in onlangse tye.

Die benadering tot droogtevoeding verskil van streek tot streek en kan die vorm aanneem van:

- aanvullende voeding tydens seisoenale droogtes;
- beskikbaarstelling van droogtebestande voergewasse in streke wat onderhewig is aan periodieke droogtes;
- oorlewingsvoeding tydens rampdroogtes waar diere aan die veld onttrek moet word; of
- onderhoudsvoeding waar kernkuddediere slegs genoeg voer ontvang om hulle liggaamsmassa te handhaaf, of selfs net te oorleef.

Die volgende praktiese wenke kan moontlik met die besluitneming tydens rampdroogtes help.

(BLAAI OM)

➔ deur prof. Ters Brand

## Voerbenodigdhede met kraalvoeding

Een 60-kg ooi benodig ongeveer 1,5 kg droë-materiaal per dag om bloot haar liggaams-massa te handhaaf. 'n Troppie van 100 ooe benodig dus ongeveer 55 t voer per jaar. Indien goedkoop of eie geproduseerde voer teen ongeveer R2 000/t beskikbaar is, sal dit dus slegs aan onderhoudsvoer R110 000 per 100 ooe of R1 110 per ooi per jaar kos.

Indien die ooi in produksie is, praat ons van ten minste 2,3 kg droëmateriaal per ooi per dag en, met 'n prys van R2 500 per ton vir voer, kos dit dus R2 100 per ooi per jaar slegs aan voer, sonder die voerkoste vir die lam. Indien moontlik, moet die aantal diere wat ten volle gevoer moet word, dus beperk word, anders kan die waarde/koste van die voer die waarde van die diere oorskry.

## Koste en waarde van voer

Die totaal verteerbare voedingstof (TVV) en ru-proteïënhoud van enkele van die belangrikste rou grondstowwe vir veevoer (100% droë-

materiaal-basis) word in tabel 1 weergegee. Tydens droogtes is veral die energieinhoud (en dus TVV) van belang, hoewel die ruproteïënhoud ook 'n belangrike rol in die koste van die voer speel. Proteïentekorte kan egter in 'n onderhoudsvoer met redelike bekostigbare nie-proteïënstikstof (NPN in die vorm van byvoorbeeld ureum) aangevul word.

Dit is dus belangrik om die waarde van die voer met die prys daarvan te vergelyk om 'n ingeligte besluit te kan neem. Waar eie geproduseerde ruvoer 'n belangrike bron van droogtevoeding kan wees, is dit moontlik beter om konsentrate as aanvulling in plaas van ruvoer aan te koop weens die hoë vervoerkoste van veral laegraadse ruvoer.

## Voedingstofbehoefes van diere

Produserende diere en jong groeiende diere het 'n baie hoër voedingstofbehoefte as dié van diere wat slegs vir onderhoud gevoer word. Verder moet dragtige diere ook 'n hoër kwaliteit voer ontvang: die inhoud van die rumen is beperk

**Tabel 1: Die totaal verteerbare voedingstof (TVV) en ruproteïënhoud van enkele rou grondstowwe vir veevoer**

Voerbron	TVV (%)	Ruproteïene (%)
Mielies	87,68	9,73
Lupiëne	85,25	28,82
Gars	82,19	11,62
Mieliekoppe	78,63	10,26
Brouersgraan	74,40	21,10
Koringsifsels	71,88	14,99
Hawer	65,97	10,12
Lusernhooi	58,74	17,13
Hawerhooi	58,36	6,49
Garsstrooi	55,54	3,47
Mieliereste	53,85	5,16
Koringstrooi	45,45	2,51

Diere wat vanaf die veld of honger diere wat te vinnig aan hoëstyseldiëte blootgestel word, vrek maklik weens asidose of suursens. Dit is dus noodsaaklik dat die diere oor 'n tydperk van ten minste twee weke aangepas word.



(BLAAI OM)

vanweë die spasie wat die fetus in beslag neem. Tabel 2 gee die voedingsbehoefte van onderskeidelik droë, dragtige en lakterende Suid-Afrikaanse Vleismerino (SAVM)- en Merino-ooie weer. Die energiebehoefte van lakterende ooie

is dus ongeveer twee-en-'n-half keer hoër en die proteïenbehoefte ongeveer drie keer dié van 'n droë ooi. Indien moontlik, is dit dus noodsaaklik om die nageslag so gou as moontlik te speen sodat die ma kan oorleef.

**Tabel 2: Voedingsbehoefte van droë, dragtige en lakterende ooie**

Ras en status	Droëmateriaalbehoefte (g/ooi/dag)	TVV-behoefte (g/ooi/dag)	Proteïenbehoefte (g/ooi/dag)
Droë SAVM-ooi	1,2 kg	660 g	113 g
Dragtige SAVM-ooi	1,8 kg	1 060 g	193 g
Lakterende SAVM-ooi	2,5 kg	1 630 g	334 g
Droë Merino-ooi	1,1 kg	610 g	104 g
Dragtige Merino-ooi	1,7 kg	1 000 g	184 g
Lakterende Merino-ooi	2,3 kg	1 500 g	319 g

### Aanpassing vanaf die veld

Diere wat vanaf die veld te vinnig aan hoëstydse diëte blootgestel word, of honger diere, vrek maklik weens asidose of suurpens. Dit is dus noodsaaklik dat die diere oor 'n tydperk van ten minste twee weke by die nuwe dieet aangepas word deur die eerste week slegs 300 g konsentraat plus hooi, en die tweede week slegs 500 g konsentraat plus hooi te voorsien. Daarna kan die gekonsentreerde voer vrylik voorsien word. Dit is egter uiters belangrik dat die voer steeds

goed gebuffer is deur voldoende insluiting van voerkalk, koeksoda of ander kommersiële buffers. Indien die konsentraatvoere met hoë vlakke van stysel nie goed gebuffer is nie, sal die diere swak produseer en chroniese diarree hê.

### Aanvang van droogtevoeding

Volgens Jacobs en Hayward (1981) moet daar met byvoeding begin word voordat ooie in 'n goeie kondisie meer as 15% van hulle aanvanklike massa verloor het.

**Tabel 3: Voorbeeld van 'n produksielek wat self gemeng kan word**

Grondstof	Hoeveelheid in kg/t
Graan (mielies/gars/hawer/korog/koring)	487
Oliekoekmeel (katoen/kanola/soja)	250
Sout	150
Ureum	35
Molassestroop/-meel/-poeier	25
Monokalsiumfosfaat	25
Voerkalk	20
Vitamine- en mineraalvoormengsel	5
Voerswawel	2
Groeistimulante/ionofore	Soos aanbeveel deur veekundige




## Voerbronne

Wanneer daar nog genoeg ruvoer op die veld beskikbaar is, is dit lonend om die diere slegs van 'n produksielek te voorsien wat daarop gemik is om die diere se rumen, asook inname van weiding vanaf die veld te stimuleer. Dit is ongeveer vyf keer duurder om diere intensief in krale te voer as wanneer hulle op weiding onderhou word. Dit is belangrik dat genoeg vreet spasie toegelaat word waar diere intensief gevoer word. Wanneer lekkes met ureum en groeistimulante aangevul word, moet diere eers vir die eerste week skoon sout ontvang. Tabel 3 is 'n voorbeeld van 'n produksielek wat self gemeng kan word en daarop gemik is om die rumen en weidingsinname te stimuleer.

## Algemeen

Droogtevoeding is ingewikkeld en die produsent kom voor 'n ingewikkelde reeks besluite te staan. Alhoewel droogtevoeding duur kan wees,

moet die produsent probeer om sy basiskudde ten alle koste te behou. Hierdie kernkudde ken die plaas en is reeds aangepas in die omgewing en op die spesifieke veld. Ná die droogte sal dit ook baie moeilik en duur wees om weer teel-diere van goeie gehalte te bekom. 



Tydens droogtes is veral die energie-inhoud van belang, hoewel die ruproteïeïnhoud ook 'n belangrike rol speel in die koste van die voer.

Prof. Ters Brand is verbonde aan die Direkoraat Veekundige Wetenskappe van die Wes-Kaapse Departement van Landbou. Vir meer inligting oor die artikel, stuur 'n e-pos na [tersb@elsenburg.com](mailto:tersb@elsenburg.com)

Trusted people

CHRIS KRUGER  
B.Sc. Agric. Hons



PEOPLE 
PEDIGREE 
PASSION 
PURPOSE 
PROCESS 
PROMISE 

Meet one of our Technical Advisors, Chris. He is part of a team of highly qualified advisors who are ready to help you with all your feed requirements and queries. Their knowledge and expertise ensures you receive the best from Meadow Feeds.





More than just feed

